



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS OOPGELAAT

VRAAG 1 VOORRAAD**(40 punte, 24 minute)****Inligting aangaande JJ Cycle**

JJ Cycle koop en verkoop kragomsetters en bereken sy voorraadwaarde deur die gewoegedegemiddelde-metode te gebruik.

Inligting:**A.**

	Items	Totaal R
Voorraad kragomsetters voorhande 1 Mei 2024 (vraggeld ingesluit)	500	2 225 000
Voorraad kragomsetters op 30 April 2025	400	?

B. Aankope van kragomsetters gedurende die jaar:

Maand	Items	Itemkoste R	Vraggeld (per eenheid) R	Totaal (vraggeld ingesluit) R
Junie 2024	663	4 450	45	2 980 185
Oktober 2024	950	4 005	40	3 842 750
Januarie 2025	475	3 805	38	1 825 425
Maart 2025	425	3 990	40	1 712 750
Totaal	2 513			10 361 110

- C.** 25 kragomsetters van die Junie 2024-bondel is aan 'n plaaslike skool geskenk.
- D.** 13 defektiewe kragomsetters van die Oktober 2024-aankope is teruggestuur. Dit is aan die verskaffers teruggestuur en 'n terugbetaling vir die kosprys **plus** vraggeld is verkry.
- E.** 2 483 items is gedurende die finansiële jaar verkoop. Die verkoopsprys vir elke kragomsetter is R5 540.

VRAAG 2 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(48 punte; 29 minute)****Inligting aangaande Dimpho Bpk.**

Dimpho Bpk is 'n genoteerde maatskappy met gemagtigde aandelekapitaal van 2 500 000 gewone aandele. Die inligting is vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2025.

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 April 2025**

Grond en geboue	7 175 000
Toerusting	2 415 500
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Mei 2024)	1 374 000
Vaste deposito (rente 9% p.j.)	550 000
Handelsvoorraad	1 038 500
Debiteurekontrole	700 500
Voorsiening vir oninbare skuld	22 563
Bank (dt.)	85 430
Lening: Shakira Bank	243 850
Krediteurekontrole	1 050 450
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	125 850
Verkope	8 505 000
Koste van verkope	?
Ouditgelde	68 758
Diverse uitgawes	70 300
Munisipale gelde	39 500
Salarisse en lone	283 275
Direkteursgelde	790 250
Verpakkingsmateriaal	61 925
Huurinkomste	197 046
Bateverkope	37 500
Kommissie-inkomste	150 703
Rente op vaste deposito	23 375
Afslag toegelaat	15 825
Dividende op gewone aandele	815 625

B. Bykomende inligting en aansuiwerings:

1. Goedere word teen 'n winsgrens van 25% verkoop. Die bedrag vir verkope sluit R67 500 (verkoopsprys) in vir ou voorraad wat aan kontantklante verkoop is teen 10% onder kosprys.
2. Die volgende aansuiwerings aangaande debiteure is nie in rekening gebring nie:
 - 'n EFO-betaling van R8 550 wat van 'n debiteur ontvang is, is verkeerdelik deur die boekhouer as R5 880 opgeteken. Die debiteur het die betaling gedoen na die aftrekking van 'n 5%-korting. By nadere ondersoek is egter vasgestel dat die debiteur nie geregtig was op 'n korting nie.
 - 'n Debiteur, N. Dube, se kredietsaldo van R3 000 moet na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgeplaas word.
 - Die voorsiening vir oninbare skuld moet tot 2,5% van die goeie debiteure aangesuiwer word.
3. Die fisiese voorraadopname van 30 April 2025 het getoon dat daar nie rekenskap gegee kan word van voorraad ter waarde van R6 350 nie. Verpakkingsmateriaal ter waarde van R4 925 is **nie** gebruik nie.
4. Die huur vir April 2025 is uitstaande. Let daarop dat huur op 1 Maart 2025 met 7% verhoog is.
5. Kommissie-inkomste van R13 943 vir Mei 2025 is ontvang en opgeteken.
6. Die maatskappy het sedert 1 Mei 2024 twee direkteure teen gelyke betaling (R327 000 p.j. per direkteur). 'n Derde direkteur met dieselfde fooistruktuur is op 1 November 2024 aangestel.
7. Die vaste deposito is op 1 Augustus 2024 belê. Rente op die vaste deposito word nie gekapitaliseer nie.
8. Die leningstaat op 30 April 2025 het 'n eindsaldo van R266 000 getoon. 'n Vaste maandelikse paaïement, rente ingesluit, is betaal en opgeteken. Rente op die lening word gekapitaliseer.
9. Die saldo op die bateverkoperekening verteenwoordig die kontant-ontvangstebedrag van die toerusting wat op 29 Februarie 2024 verkoop is.

Bykomende inligting aangaande die toerusting wat verkoop is en wat nog nie opgeteken is nie:

 - Die kosprys van die toerusting wat verkoop is, was R165 000.
 - Waardevermindering op hierdie toerusting beloop R20 625.
 - Die toerusting is verkoop teen 'n wins van R750.
10. Waardevermindering op die oorblywende toerusting beloop R337 575.
11. Die netto wins na belasting vir die jaar beloop R246 645. Die inkomste-belastingkoers is 30% van netto wins voor belasting.

VRAAG 3 VERVAARDIGING**(44 punte; 26 minute)****Inligting aangaande Keyona Handelaars****Beginsaldo's en transaksies gedurende die jaar:**

Vorraad op 1 Oktober 2023	
Vorraad direkte materiaal	1 192 950
Vorraad goedere-in-bewerking	471 690
Vorraad indirekte materiaal (verbruiksgoedere)	84 600
Vorraad klaarprodukte	1 908 960
Opgelope uitgawes/Uitgawebedrae betaalbaar: 1 Oktober 2023	
Water en elektrisiteit	32 100
Vooruitbetaalde uitgawes: 1 Oktober 2023	
Versekering	24 000
Transaksies gedurende die jaar:	
Aankope van direkte materiaal	?
Aankope van indirekte materiaal	555 000
Vraggeld op aankope van direkte materiaal	46 500
Terugsendings van direkte materiaal aangekoop	67 500
Salarisse en lone	3 165 750
Huuruitgawes	877 500
Water en elektrisiteit	618 600
Reklame	127 500
Versekering	117 000

Aansuiwerings en bykomende inligting:

- Fabrieksbokoste:
 - Die boekhouer het vergeet om die omswaai-aansuiweringsinskrywings aan die begin van die finansiële jaar op te teken.
- Die volgende voorraad was voorhande op 30 September 2024:
 - Vorraad direkte materiaal R930 450
 - Vorraad goedere-in-bewerking R631 800
 - Vorraad indirekte materiaal (verbruiksgoedere) R274 650
 - Vorraad klaarprodukte R?

3. Direkte en indirekte materiaal:
 - Direkte materiaal wat vir R225 000 gekoop is, is verkeerdelik na die indirekte-materiaalrekening gepos. Dit moet reggestel word.
 - Die terugsendings van 4% van direkte materiaal wat aangekoop is, sluit die R225 000 wat verkeerdelik as deel van indirekte material opgeteken is uit.
4. Huuruitgawes ter waarde van R67 500 is nog uitstaande vir die 2024- finansiële jaar. Die huuruitgawe word verdeel volgens die vloerspasie wat deur elke afdeling opgeneem word. Die spasie word soos volg opgeneem: fabriek 1 000 m² en die ander afdelings 600 m².
5. Water en elektrisiteit van R55 200 vir Oktober, November en Desember 2024 is betaal en opgeteken. Die fabriek gebruik 70% van die water en elektrisiteit, terwyl die verkoops- en administrasie-afdeling die oorblywende persentasie gelykop deel.
6. Die versekeringsuitgawe word tussen die fabriek, verkope en administrasie verdeel in die verhouding 3:2:1.
7. Totale verkope vir die jaar beloop R9 205 560. Die winsgrens op kosprys is 40%.
8. Salarisse en lone:
 - Die fabriekstoesighouer is R594 000 vir die finansiële jaar betaal en dit is ingesluit in die totale bedrag vir salarisse en lone. Sy verdien R54 000 per maand.
 - 20 los werkers is gedurende die finansiële jaar in die fabriek aangestel om met instandhouding en skoonmaak te help. Hulle het R37,50 per uur verdien en 140 uur elk vir die finansiële jaar gewerk. Dit is ook in die bedrag vir salarisse en lone ingesluit.
 - 80% van die uitgawes aan salarisse en lone buiten indirekte arbeidskoste verteenwoordig direkte arbeidskoste en die oorblywende persentasie word aan werknemers in ander afdelings toegewys.

VRAAG 4 KONTANTVLOEISTATE**(68 punte, 41 minute)****Inligting aangaande Dakalo Bpk**

1. **Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig Februarie 2025:**

Verkope (Omset)	?
Koste van verkope (winsgrens van 25% op kosprys)	7 287 010
Waardevermindering	?
Rente-uitgawe	124 836
Netto wins voor belasting	?
Inkomstebelasting	?
Netto wins na belasting	?

2. **Staat van Finansiële Posisie op Februarie:**

BATES	Aant.	2025 R	2024 R
Niebedryfsbates		11 279 410	11 849 715
Vaste/Tasbare bates	3	10 125 837	10 719 589
Finansiële bates:			
Belegging: ABSA		1 153 573	1 130 126
Bedryfsbates		14 021 951	12 125 579
Voorraad		3 722 105	3 147 177
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	1	10 075 473	7 388 135
Kontant en kontantekwivalente		224 373	1 590 267
Totale bates		25 301 361	23 975 294
EKWITEIT EN LASTE			
Aandeelhoudersbelang		?	11 389 332
Gewone aandeelkapitaal		?	10 300 000
Behoue inkomste		?	1 089 332
Niebedryfslaste		1 893 641	3 429 767
Verband: Capitec Bank		1 893 641	3 429 767
Bedryfslaste		10 836 178	9 156 195
Handels- en ander bedrae betaalbaar	2	10 821 417	9 131 736
Bankoortrekking		865 000	24 459
Totale ekwiteit en laste		?	23 975 294

Aantekeninge by die Finansiële State vir die jaar geëindig Februarie:

1. Handels- en ander ontvangbare rekeninge	2025 R	2024 R
Handelsdebiteure	10 060 712	6 221 961
Vooruitbetaalde uitgawes	14 761	18 997
SAID: Inkomstebelasting	0	1 147 177
	10 075 473	7 388 135

2. Handels- en ander bedrae betaalbaar	2025 R	2024 R
Handelskrediteure	8 751 603	8 015 483
Opgelope uitgawes (rente op verband)	5 881	4 778
SAID: Inkomstebelasting	100 896	0
Aandeelhouders vir dividende	1 963 037	1 111 475
	10 821 417	9 131 736

3. Vaste/tasbare bates	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde aan die begin van die jaar	8 900 500	?	756 589
Kosprys	8 900 500	?	1 325 900
Opgehoopte waardevermindering	-	(1 593 750)	(569 311)
Bewegings			
Byvoegings teen kospys	0	810 000	360 000
Verkope teen drawaarde	?	0	?
Waardevermindering	0	?	?
Drawaarde aan die einde van die jaar	7 703 383	?	?
Kosprys	7 703 383	3 466 250	?
Opgehoopte waardevermindering	0	?	?

Bykomende inligting

1. Die % netto wins na belasting op omset vir die 2025- finansiële jaar is 40%.
2. Vaste/tasbare bates:
 - Grond en geboue is gedurende die jaar verkoop.
 - 'n Nuwe afleweringvoertuig is op 1 November 2024 vir R810 000 gekoop. Geen voertuie is gedurende die finansiële jaar verkoop nie. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. volgens die verminderendesaldo-metode.
 - Op 31 Augustus 2024 is 'n ou drukker met 'n kosprys van R135 000 teen drawaarde ingeruil vir 'n nuwe drukker wat R360 000 gekos het. Opgehoopte waardevermindering op die ou drukker soos op 1 Maart 2024 het R40 500 beloop. Waardevermindering op toerusting word afgeskryf teen 15% p.j. op die kosprys.
3. Aandelekapitaal:
 - Die maatskappy se gemagtigde aandelekapitaal bestaan net uit 1 545 000 gewone aandele.
 - 'n Totaal van 1 030 000 gewone aandele was soos op 29 Februarie 2024 uitgereik.
 - 40% van die onuitgereikte aandele is op 1 September 2024 vir R13 elk uitgereik.
 - 214 924 gewone aandele is teen 'n terugkoopprys van R15 per aandeel by ontevrede aandeelhouders teruggekoop.
4. Leningsinligting:
 - Rente op lening word nie gekapitaliseer nie en daar was geen verhoging in lening nie. Leningterugbetalings is opgeteken.
5. Dividende
 - Totale dividende vir die jaar betaal en aanbeveel, R2 765 674.